

N.G. Kerk Fochville-Noord

November 2020

Voluit vir Christus

Met my hele hart in 2020



Jou **NUUSBRIEF** met nuus
van **FOCHVILLE-NOORD** om
tuis **VIRTUEEL** te geniet.
Die **BOODSKAPPERTJIE** wil
graag dien as **Kommunikasie**
om ons **Gemeente** op hoogte
te hou van wat gebeur.

In hierdie Boodskappertjie:

Ons kyk terug op 'n jaar van Covid.
Ons kry nuus van die Laerskool se prestasies.
Ons is bly saam met nuwe Laerskool leiers.
Ons is dankbaar vir ons nuwe jong lidmate.
Ons se dankie vir ons mooi “koop en loop”basaar.
Ons gemeente sê dankie vir Ds. Johan en Elzabe.
Ons reik uit na die Kinderhuis
Ons beplan vir 'n spesiale jaar in 2021 ens...
Geniet die Boodskappertjie en gee ons wenke asb.

2

Leer ons iets uit die dra van maskers?

Ewe skielik, vanaf 'n paar maande gelede, word ons samelewing gekenmerk deur die dra van maskers. Dis maskers net waar jy kyk: in winkelsentrums, in die strate, in kantore en selfs in die kerk. Die nuutste opnames wys dat maskers grootliks 'n negatiewe uitwerking op ons menslike psige uitoefen. Mense beweer dat hulle van die res van die mense afgesny voel. Mense raak al hoe meer depressief, omdat die vlak van verbintenis nie meer so hoog is nie. 'n Mens kan nie meer ander mense se gevoelens en gemoedstoestand so goed op hulle gesigte waarneem nie. Ander se emosies is nou vir ons verberg. Ons moet byvoorbeeld baie fyner probeer kyk na die plooië rondom iemand se oë om te sien of hulle vir ons glimlag of nie.

Dit hang egter alles af van hoe jy na maskers kyk. As ons met 'n Jesus perspektief kyk kan ons dalk tog 'n paar positiewe lesse leer.

Covid was myns insiens 'n groot gelykmaker. Wanneer almal met maskers rondloop, herinner dit ons daaraan dat ons álmal kwesbaar en sterflik is. Die virus diskrimineer nie. Dit besmet nie slegs blankes, mense van kleur, rykes of armes nie. Álmal, sonder uitsondering, moet maskers dra. Ons is almal gelykes onder mekaar. Dit wys vir ons dat ons as Suid-Afrikaners (en wêreldlinge) baie meer in gemeen het as wat ons baie keer geneig is om te dink. Dit dui op ons solidariteit, ons gemeenskaplike sterflikheid. Ons het mekaar nodig. Ek dra die masker ter wille van jou en jy dra dit ter wille van my. Ek kyk uit vir jou en jy ook vir my. Met Covid deel ons in dieselfde omstandighede en deel ons eintlik in mekaar se medemenslikheid.

Alhoewel ons nie almal ekonomies in die dieselfde bootjie was of is nie, het die laaste paar maande ons wel gewys dat Suid-Afrikaners dalk meer in gemeen met mekaar het as dit wat ons van mekaar skei. Niks kan mense met verskillende agtergronde en omstandighede so saambind as om 'n sak sout saam op te eet nie. Corona, die pandemie en ons maskers kan dien as 'n brug na mekaar toe.

Ons het egter nie net mekaar nodig nie. Ons het veral iemand sterker as onself nodig. Ons het nodig dat daardie sterker Persoon na ons toe kom. Ons het nodig dat Hy ons pyn, ons virusbesmette wêreld binnekom, dit saam met ons voel en ons die versekering gee dat Hy by ons is en dat die wêreld uiteindelik heel sal wees.

Wanneer jy dus môre jou masker opsit, oor jou deurdrumpel stap en jou begewe in 'n wêreld van maskermense, onthou dat iemand inderdaad hierdie viruswêreld van ons binnegekom het en dat Hy vandag nog met ons is, dat Hy ons liefhet en dat Hy besig is om die wêreld te red
“Oorgeneem en aangepas”

Andrey en Elmarie Janse van Rensburg

Baie geluk aan Andrey en Elmarie met hulle huwelik wat op Saterdag 7 Nov. in Heidelberg plaasgevind het.

Elmarie is Fred en Marlene Kruis, Ouderlingspaar van wyk 10 Wes se dogter.

Elmarie het in ons gemeente grootgeword en belydenis afgelê.

Baie geluk aan hulle as ouers ook. Mag die Here die paartjie baie ryklik seën op hulle huwelikspad saam.



Annatjie Voges word 80

Tagtig geseënde jare het soos 'n asemteug verbygesnel. Sy is gebore in Pretoria. In 1965 getroud met Bertus Voges, wie op Kanoneiland grootgeword het. Nege jaar later is hulle geseën met 'n seun. As gesin was hulle baie lief vir die natuur. Hulle was bevoorreg om vyf jaar in Oos-Londen te woon en te werk. Dit was vir hulle lekker om kilometers langs die see te stap in die wind en weer. Later terug in Centurion het lieflike jare verloop tussen skool, werk, studies ens. Sy het twee kleinkinders. Annatjie sê "As ek so terugkyk oor die tagtig jare ... dis baie water in die see.... Kan ek net sê: Baie dankie Here vir al die seëninge, liefde, genade en vrede waarmee U




my lewenspad uitplavei het. Wonderlike ouers, huisgesin, familie en vriende, maar die mees uitstaande: 'n liefdevolle, beginselvaste eggenoot wat byna 55 jaar aan my sy was!

Dirk Badenhorst


Dirk is in Wolmaranstad gebore. Na skool was hy deel van die bereide eenheid van die polisie tot in 1971 toe hy op die myn begin werk het. Dirk en Miranda het in 1980 na Fochville verhuis waar hy by Mponeneng gewerk het tot met sy aftrede. Hy het in 2014 afgetree na hy 'n beroerte gehad het. Hy is in 1975 met Miranda getroud. Hulle het 3 kinders, Helena, Wynand en ' Talana. Hulle het ook 4 kleinkinders. Miranda is steeds in ons gemeente in Klein Losberg wyk.

Ons sal Dirk onthou as 'n goeie saggeaarde pa wat werklik 'n tuiste geskep; het vir sy gesin. Dirk is oorlede nadat hy vir 'n geruime tyd baie siek was, Dirk is op Vrydag 13 Nov. uit ons kerk begrawe in die ouderdom van 68 jaar.



Saar Steyn

Susara Steyn is gebore op 27 Maart 1946 in Carletonville, waar sy grootgeword en Skoolgegaan het. Na skool het sy onderwys studeer in Potch by die PUK. Sy was met Piet Steyn getroud en hulle het saam hulle hele huwelikslewe in Carletonville gewoon. Sy het skool gehou by Danie Theron en later by Laerskool Oos Driefontein waar sy afgetree het. Sy het diep spore getrap as onderwyseres. Uit die huwelik is twee kinders, Lorinda en Willie gebore. Sy het ook 4 kleinkinders gehad. Haar man is in Januarie 2016 oorlede en was sy 'n weduwee van toe af. Ons dink aan Nicky en Lorinda Venter, haar kinders in ons gemeente.



Martie Kruger

Een van die baie bekende gesigte in Fochville se plek is nou leeg. Tannie Martie Kruger is op Vrydag 13 Nov. uit ons kerk begrawe na 'n kort siekbed.

Sy is op 28 Feb. 1931 gebore as een van vier kinders. Sy en Oom Willie is op 10 Des. 1949 in die Klipkerk in Vereeniging getroud.

Hulle sou nou 71 jaar getroud gewees het. Uit hulle huwelik is twee kinders gebore wat albei in ons gemeente is, Petro Prinsloo en Pieter Kruger. Hulle het 4 kleinkinders en 6 agterkleinkinders.

Oom Willie en Tannie Martie het in 1959 na Fochville verhuis. In Fochville-Noord was hulle deur al die jare ware steunpilare wat absoluut getrou was. Wanneer hulle nie by 'n diens was op 'n Sondag nie (ook die aanddienste) dan was hulle of weg of siek.

Hulle was wonderlik deur die Here geseën om vir soveel jare getroud te kon wees en steeds in hulle eie huis, selfversorgend, te kon wees in die Aftreeoord.

Ons sal haar onthou en mis in die gemeente. Ons bid vir Oom Willie en die hele familie vir die troos van die Here.

Tannie Martie se geliefde teks was Ps. 25 vers 4 en 5;

“Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting.”

Jaartema - Met my hele hart

Ons jaartema vir 2021 is weer.

“Met my hele HART”

Aangesien ons nie ons tema ten volle kon benut in 2020 nie weens die Covid 19 pandemie, het ons besluit om ons tema dieselfde te hou vir 2021. Mag die Here ons gemeente seën om in 2021 regtig “Met ons hele hart!” vir Hom te lewe en te werk.



Ons jongmense lê belydenis af

Vanjaar was ten spyte van die pandemie tog in baie opsigte vir ons gemeente 'n baie spesiale jaar. Een van die hoogtepunte in die jaar was die Sondag toe ons jongmense belydenis afgelê het.

Wat 'n groot voorreg is dit nie om deel te wees van 'n gemeente met soveel kinders nie. Daar het 20 jongmense belydenis afgelê.

Dit was vir hulle ook 'n deurmekaar jaar waar Ds. Pieter Sondae maar op Zoom met hulle vergader het om die werk gedoen te kry.



Kersgroete Ds. Pieter en Marina

Mens kan skaars glo 2020 is byna verby! Wat 'n vreemde jaar. 'n Jaar met baie uitdagings,

- Party van ons kan net dankie sê, want deur alles heen gaan dit met ons so goed!
- Ander van ons het deur swaarkry gegaan: Werk verloor of verminderde salaris gekry; siekte beleef, ander ellende of die dood van 'n geliefde

Dit maak nie saak by watter kant jy is nie, saam met Paulus bid ons vir elkeen van julle: *Ef 1:18,19 “Ek bid dat Hy julle geestesoe so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die*

heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo."

- Ons het 'n vaste hoop. Elkeen wat reageer op God se roeping bou sy lewe op die getrouheid van God. Hy laat ons hier op aarde reeds iets smaak van wat Hy vir ons in die ewigheid gereedmaak.
- Ons het 'n toekoms! 'n Erfenis by God. Ons erf saam met Jesus die onmeetlike heerlijkheid van die rykdom van ons God: oorvloed lewe, oorvloed genade, oorvloed vrede, oorvloed blydschap, ens
- Ons is nooit kragteloos nie, want ongeag die omstandighede waarin ons mag wees, God wat in ons bly is oneindig sterk en Hy gee daardie sterkte in ons as sy kinders.

Mag ons elkeen wat deur Jesus Christus aan God behoort met blydschap en oorgawe leef tot God se eer, want Hy is ons hoop, ons toekoms en ons krag. En mag ons in hierdie kerstyd, wanneer ons weer dink aan 'n kindjie in 'n krip, die matelose liefde van ons God raaksien. Mag God ons help om ons oë te vestig op die onsigbare, ewige dinge wat van Hom kom, al is die tydelike, fisiese dinge hier om ons so deurmekaar.

Ons dank die Here wat ons deur hierdie jaar tot hier gedra het.

Ons weet Hy sal ons enduit dra!

Geseënde Christusfees vir julle elkeen.

Met baie liefde

Ds Pieter, Marina, Juhan, Pierre, Marlie en Jana.

PS – Baie dankie vir elkeen van julle se liefde en omgee deur die byna 2 jaar wat ons hier is. Julle is baie kosbaar.

(Die foto is geneem op Sondag 8 November toe Juhan ook belydenis afgelê het in ons kerk)



Kersgroete Ds. Johan en Elzabé

Die jaar 2020 sal ons onthou as 'n baie vreemde jaar in die wêreld en daarom ook in ons gemeente.

Wie sou ooit kon dink dit is moontlik:

Dat ons vir 6 maande nie mense in ons kerk by die eredienste het nie.

Dat ons geen jeugaksies en Sondagskool het nie.

Dat ons nie ons gewone Famfest kan hou nie.

Dat ons almal agter maskers moet lewe.

Deur dit alles het die Here ons gemeente vasgehou en geseën. Daar is nie een lidmaat weens Covid oorlede nie. Daar is wel lidmate in ons gemeente oorlede die jaar. Dit was vir ons moeilik want dit is sleg om begrafnis te hou agter maskers. Ons het die hartseer meer intens ervaar.

Ons het 'n geseënde jaar belewe met Dagstukkies elke oggend vir 8 maande.

Dit het 'n wonderlike nuwe dimensie gebring in ons kontak met lidmate en vriende.

Ons kon steeds elke Sondag om 9 vm. 'n diens uitsaai uit ons kerk.

Ons kon Pinkster hou en nagmaal vier saam met elkeen wat ingeskakel het.

Ons gemeente se finansies was steeds kerngesond omdat ons baie lidmate het wat steeds getrou hulle bydraes gegee het.

Baie dankie vir al die liefde en begrip wat ons ontvang het in die jaar.

Ons sien uit om na Covid weer somer net hartlik te kan kuier en mekaar se glimlagte te kan sien.

Dit was ook die jaar waarin ons amptelik afgetree het. Dankie vir die mooi wyse waarop die gemeente vir ons op Sondag 15 November dankie gesê het. Ons waardeer dit en dit sal ons bybly.

Ons is bevoorreg om steeds in die gemeente as Pastorale Hulpleraarspaar te kan werk. Ons gaan steeds alles moontlik doen en is opgewonde oor die toekoms saam met Ds. Pieter en Marina.

Ons wens vir Kerstyd 2020 is dan ook dat elke gesin 'n Geseënde Christusfees saam met die Here sal belewe.

Baie dankie vir al die liefde.

Ons is lief vir julle en waardeer julle.



Ds. Johan en Elzabé Brink.

Kerssangdiens 2020 – wat ‘n Fees

Wat ‘n onvergeetlike Kerssangdiens. Op Sondag 22 November t.s.v. Covid. Ons het net ons eie plaaslike talent gebruik. Dit was ‘n onvergeetlike oggend. Ons gemeente is geseënd om vir Debbie as orreliste te hê en is dankbaar vir die moeite wat sy gedoen het om die oggend so mooi te maak. Ons lidmate het nou nog groter behoefte daaraan om te kan sing.

Ons het probeer om ‘n wye verskeidenheid liedere te sing sodat elkeen se smaak van kersliedere gedien kon word.

Ons tema vir die oggend was maar net om die Here te loof.



Dankie vir die musikante en jongmense wat saam met die sangers opgetree het. Dankie vir ons DOXAS wat die kerk mooi versier het.

Die Sondagskool sluit af

Ons kinders is vir ons gemeente baie belangrik en daarom het die kategese ‘n baie spesiale plek in die hart van ons gemeente.

Ons Sondagskool het op Sondag 29 November afgesluit na ‘n jaar van baie ontwrigting.

Ons hoop en vertrou dat volgende jaar weer ‘n meer normale jaar sal wees met Sondagskool en Jeugaksies op tyd.

Dankie vir ons Jeugleiers en Kategete wat so getrou is en wat bereid was om dadelik weer in te spring toe Covid ons bietjie begin ruimte gee.

Dit was nog steeds ‘n wonderlike jaar waarvoor ons die Here loof en dank. Dit is en bly ‘n voorreg om met ons Jeug besig te wees.

Abraham Kriel Uitreik na ons Famfest

Met die geld wat ons as borge gekry het vir ons kinders kon ons uitreik na die Kinderhuis met pakkies vol verrassings vir hulle. Dankie vir die mense wat die pakkies vesier het en dankie vir almal wat bygedra het om dit moontlik te maak. Ons kon hulle nie basaar toe laat kom nie maar ons kon darem vir hulle pakkies neem.



Marina en Elsbé van Heerden besig om die pakkies in te pak vir die kinders.



Die pakkies vir die Kinderhuis.

VAKANSIEPROGRAM:

Sondag 6 Des.	Oggenddiens om 8:00 vm.	Prediker – Ds. Pieter Theron
Sondag 13 Des.	Oggenddiens om 8:00 vm.	Prediker – Ds. Pieter Theron
Geloftedag Woens. 16 Des.	om 8:00 vm. Ins ons kerk	Prediker – Ds. Pieter Theron
Sondag 20 Des.	Oggenddiens om 8:00 vm.	Prediker – Ds. Pieter Theron
Kersdiens	Dinsdag 25 Des. om 8:00 vm.	Prediker – Ds. Pieter Theron
Sondag 27 Des.	Oggenddiens om 8:00 vm.	Prediker – Ds. Stanus Cloete
Donderdag 31 Des.	Oujaarsdiens om 11:15 nm.	Prediker – Ds. Johan Brink
Sondag 3 Jan.	Oggenddiens om 9:00 vm.	Prediker – Ds. Johan Brink
Sondag 10 Jan.	Oggenddiens om 9:00 vm.	Prediker – Ds. Johan Brink
Sondag 17 Jan.	Oggenddiens om 9:00 vm.	Prediker – Ds. Johan Brink
Sondag 24 Jan.	Oggenddiens om 9:00 vm.	Prediker – Ds. Pieter Theron

Die kerkraad en leraars wens elke gemeentelid 'n baie geseënde Kerstyd toe. Die wat weggaan moet asb. veilig ry. Wees almal getrou in die bywoning van die eredienste.

Kerskollekte vir behoeftiges

Onthou asb. ons Kerskollekte vir behoeftige lidmate. Ons hou elke jaar op Kersdag 'n spesiale kollekte wat ons gebruik om vir gesinne te help om hulle Kersfees beter te maak.

Kerstyd is Liggietyd

Kerstyd is liggietyd. Orals word plekke mooi versier met liggies. Ons is Jesus se mooiste liggies wat in die tyd moet skyn met ons woorde en daade en lewens wat getuig van God se Liefde. Mag jy 'n ware getuie wees! Geniet dit baie!!! Wees opgewonde oor waar die Here jou gaan gebruik.



Ons kerk op 'n mooi onweersmiddag

Koop en Loop Famfest was 'n Fees

Met die genade van die Here kon ons na al die beplanning darem toe op 5 en 6 November 'n Covid Famfest hou. Baie kleiner as ons gewone Fees maar tog ook heerlik. Dit was so lekker om al die gesigte te sien en te kuier by die basaar, al was dit agter die maskers. Ons dank die Here dat niemand daar siek geword het nie. Ons dank ook die Here vir Sy wonderlike seëns op ons fees. Saam met die kollekteerlyste staan die inkomste nou op net oor die R 800 000,00 (agt honderd duisend) wat vir ons weereens 'n wonderwerk is van groot genade.

Baie dankie vir elkeen wat so hard gewerk het om dit 'n sukses te maak. Geniet die paar foto's wat iets vertel van die fees.



Ds. Johan en Elzabé was die DJ's en voor werk Ds. Pieter en Marina

Selfs die kinders het gehelp met die voorbereiding. Hier is Lené van der Merwe, Cornel se oudste, besig om te help met die poeding. Rita Snyman en Cornel van der Merwe is in beheer van die poeding en dit was die mees spesiale oit.



Die Talentemark onder die afdak was 'n fees vir die oog.



Die bakkerij, lekkers, vleismark en Plaasmark was alles saam in die kerkzaal.

Mens kan nie lekker basaar hou as daar niks is om te eet nie en daarom was die Chips en worsies afdeling baie besig gewees. Baie dankie vir almal wat gesorg het vir kos om te eet.



Die boerewors rolle word voorberei en dit was net soos die kerrie en rys 'n fees gewees.



Marlene Moss en Ankie Swart wat in beheer is van die Plaasmark het vir ons gewys hoe om te verkoop op 'n basaar. Hulle kan met oortuiging en baie liefde verkoop.

Saterdag na die basaar moes ons opruim. Dit het baie makliker gegaan as ander jare want daar was geen tente om af te slaan nie.



Laerskool Fochville Nuus – ons kinders

Jasper en Mariza Coetzee van wyk 9
Wes saam met Janneke wat as
hoofmeisie van Laerskool Fochville
verkies is.
Baie geluk aan haar en hulle as ouers
met die groot prestasie.



Chris en Janine Botha van Leeupoort
Suidwyk saam met Christiaan wat as
hoofseun verkies is.
Baie geluk aan hom en aan hulle as
ouers met die groot prestasie.

Louis en Jeanné Coetzee van Elandsfontein 7 wyk se tweede dogter, Leanke, is as Onder Hoofmeisie verkies.
Baie geluk aan haar en aan hulle as ouers met die groot prestasie.



Ons gemeentekinders op Fochie Leerlingraad



Voor: Leanke Coetzee (Onder-hoofdogter) Michaela Cronje, Izandre Viviers, Janneke Coetzee (Hoofdogter), Jayden Palm, Catie Cilliers en Ruan van der Merwe.

Agter: Bianca van Heerden, Caitlin Silvestre, Zandre Mulder, Dewald Prinsloo, Danika Nel, Lalita Cilliers en Christiaan Botha (Hoofseun)

4 Akademiese top presteerders

Elaine Nel – Beste akademiese presteerder in Gr. 4
Marli Theron - Beste akademiese presteerder in Gr. 5
Anri Hamman - Beste akademiese presteerder in Gr. 7. Sy het in 6 vakke die beste gedoen in Gr. 7.
Janneke Coetzee - Beste akademiese presteerder in Gr. 6



Amorie Maass was die beste akademiese presteerder in Gr. 7 in Engels, Wiskunde en SW.



Cherize Watermeyer het die beste akademiese prestasie behaal in Gr. 7 in Wiskunde, Sosiale Wet. en Natuur Wetenskap.

Biaca van Heerden het die trofee gekry vir die beste redenaar in Gr. 6 en 7.

Lidmate en vriende van ons gemeente se bydraes

Onthou ons diakens kan nie kollekteer by die huise nie weens Covid. Ons gee die bankbesonderhede sodat julle die dankoffers somer kan oorbetaal in die kerk se rekening.

Dankie vir almal wat so getrou is in julle offervaardigheid voor die Here.

BANKBESONDERHEDE

Ons bankbesonderhede vir kollektes en spesiale bydraes:
 NG Kerk Fochville Noord
 Absa Fochville
 Tjek Rekeneing
 Nommer 1610580005